191. T. 7 (49)

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

*Pectora roborant cultus recti*

# UNIVERSITEIT EN MAATSKAPPY

PROFESSOR H. B. THOM
Rektor, Universiteit van Stellenbosch

191. T. 7(49)

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

# UNIVERSITEIT
# EN
# MAATSKAPPY

*Rede gelewer op 24 Februarie 1965 deur die Rektor, professor H. B. Thom, by geleentheid van die amptelike opening van die akademiese jaar 1965.*
*(Met inleidingsartikels uit „Die Burger", 27 Februarie 1965, en „Die Kerkbode", 31 Maart 1965.)*

Uitgegee deur die Departement van Ontwikkeling, Universiteit van Stellenbosch.

„Pectora Roborant Cultus Recti"



*Professor H. B. Thom.*

# INLEIDING

Die onderwerp *Universiteit en Maatskappy* dek 'n groot veld waaroor daar al baie gesê en geskryf is. Vanweë die omvang daarvan wil ons nie probeer om dit op omvattende wyse te behandel nie. Ons wil eerder slegs 'n paar belangrike sye daarvan na vore bring. Dit gaan hier nie soseer om algemene, universele gesigspunte nie, maar meer bepaald om gesigspunte wat vir ons in Suid-Afrika, en insonderheid in die tyd waarin ons vandag leef, van belang is. Teen hierdie agtergrond wil ons dan terselfdertyd ons eie universiteit, Stellenbosch, sien. Ons wil ons, tot 'n sekere mate ten minste, van onsself rekenskap gee.

Dit is belangwekkend om kortliks na te gaan watter opvattinge daar in die verlede bestaan het in verband met die universiteit en die plek wat hy in die maatskappy inneem. Gedurende die Middeleeue, toe die eerste universiteite ontstaan het, het die Kerk 'n baie sterk invloed op die universiteite uitgeoefen. Die wetenskap wat aan die Middeleeuse universiteite beoefen is, die Skolastiek, was 'n skoolse, geestelik-geroetineerde wetenskap, wat hom veelal daarop toegelê het om die dogma van die Kerk tot middelpunt van sy studie te maak, en om die nodige bewysvoering daarvoor te soek. Die soort probleme wat aan die Middeleeuse universiteite bespreek en bestudeer is, was in die reël probleme wat los van die alledaagse lewe en die wêreld daar buite gestaan het. Die vraagstukke van die lewe van die gewone man het nie binne die gesigseinder van die Skolastiek geval nie.

Toe magtige nuwe bewegings opgekom het, veral die Renaissance, die Groot Ontdekkingsreise en die Kerkhervorming, het die Middeleeue ten einde geloop. Ongeveer die begin van die sestiende eeu betree die Westerse wêreld 'n tydperk van geestelike vrymaking en verruiming. Hierdie tyd moes noodwendig ook op die universiteit sy stempel laat. Die Skolastiek het sy houvas verloor; die universiteite het hulle belangstelling buite die enge perke van die kerklike dogma laat gaan; en vraagstukke van die alledaagse lewe het ook onderwerpe van studie en navorsing aan die universiteite geword. Maar die gewone beeld van die universiteit was nog dié wat ons, in navolging van 'n begrip van die Franse skrywer Sainte-Beuve, as die „ivoortoring" ken; en in die oë van die volk het die universiteit opsy, afgesonderd van die gewone man gestaan. Die volk het die universiteit nog nie as sy eiendom aanvaar nie; inteendeel, die volk het die universiteit nog as iets vreemds, iets geheimsinnigs — soms selfs as iets onheilspellends — beskou.

Met verloop van tyd het daar toenadering tussen die universiteit en die volk gekom. Die volk het die universiteit minder en minder as 'n reservaat vir bevoorregtes gesien, en dit gaandeweg ook as sy eiendom begin aanvaar. Maar daar was die oorheersende gevoel dat as iemand wens om tot die universiteit toegelaat te word en in die een of ander rigting van studie te presteer, hy intellektueel buitengewoon begaaf moet wees. Onder hierdie omstandighede was daar die neiging by die volk, en trouens ook by baie universiteite self, om die universiteit nie meer soseer as 'n reservaat vir bevoorregtes te beskou nie, maar eerder as die monopolie van intellektueel-begaafdes. Dit was 'n ongelukkige verloop, want dit het in hoë mate aanleiding gegee tot 'n teenstelling tussen intellektueles en sogenaamde onontwikkeldes. Dit was 'n teenstelling waardeur nòg die belange van die universiteite nòg dié van die volk gedien is.

Aan hierdie opvatting, nl. dat die universiteite die ongenaakbare intellektuele meerderwaardiges of elite verteenwoordig, het daar in die jongste tyd — vrywel in ons eie tyd — 'n einde gekom. Verskillende faktore het hiertoe meegewerk. Sir Walter Moberly skryf in sy *Crisis in the University:* „Since the heyday of Liberalism new influences are at work, and have acquired an enormous, and for many purposes a dominating importance. These are the rise of applied science and technology and the growing democratization of the universities."

Die demokratisering van die universiteite sien ons die eerste — en die sterkste — in Amerika. Daar is veel in die Amerikaanse universiteitstelsel waarmee ons seker nie sal saamstem nie, en wat in ons land ook nie sal beantwoord nie, maar die eer kom die Amerikaners toe dat hulle die eerstes was om die universiteite werklik die eiendom van die volk te maak. Toe die Amerikaanse kolonies hulle vryheidsoorlog teen hulle ou moederland in 1783 suksesvol beëindig het, en as onafhanklike moondheid na vore getree het, het hulle besef dat die Engelse universiteite nie meer daar was om vir hulle hul leiers te vorm nie, en dat hulle toe op hulle eie universiteite aangewese was. Die gevolg was dat hulle hul eie universiteite met alle mag uitgebou het, en die deure daarvan soveel doenlik ook vir jongmense uit die gewone volk oopgemaak het. Dit geld in Amerika vir die Staatsuniversiteite, wat in die verskillende State ontstaan het en deur die State gefinansier word, maar dit geld ook vir die private universiteite, soos Harvard en Yale en Princeton, wat onafhanklik van die State is en met private fondse gefinansier word. Toe in Engeland, en grotendeels ook op die Vasteland van Europa, nog die opvatting gehuldig is dat slegs 'n uitgesoekte klein

klompie begaafde jongmense op die universiteite hoort, en dat uit hulle dan die leiers vir die toekoms gevind moes word, het die Amerikaners al met geesdrif en toewyding alle jongmense, wat enigsins met welslae kon studeer, op die universiteite probeer kry.

Hier het ons dan die ontwikkelingslyn van die verlede: eers die Skolastiek, dan die „ivoortoring" en die intellektuele elite, en eindelik die universiteit vir die volk. Dis 'n ontwikkeling wat seker verwelkom sal word, maar ons moet onthou dat nie één van hierdie opvattinge heeltemal uit die bose is nie, terwyl ook nie één daarvan volmaak is nie. Selfs in die Skolastiek lê daar 'n kern van waarheid en verdienste. Immers, al sou ons nooit kon goedkeur dat die aandag van die universiteit net op die dogma van 'n bepaalde Kerk toegespits sal wees nie, sal ons moet toegee dat die Christelike geloof, wat vir die Christen die hoogste goed in die lewe is, ons ernstige aandag en studie vereis. En andersyds sal ons moet toegee dat die Amerikaanse opvatting, wat vandag sterk ondersteuning vind en vir ons in baie opsigte aanneemlik is, ook sekere swakhede toon: ons vind bv. dat jongmense, wat in vak- en tegniese skole beter sou gepresteer het, soms na die universiteite gekanaliseer word, waar hulle nie soveel sukses behaal nie.

## SPIEËLBEELD VAN MAATSKAPPY

Laat ons nou, teen hierdie historiese agtergrond, die betrekking tussen universiteit en maatskappy nagaan. Ons sou, wat die universiteit betref, eers die diensmotief wil noem. Die universiteite is daar om die wetenskap te dien en, deur hulle diens aan die wetenskap, die maatskappy te dien. Ons sou tal van voorbeelde kon aanhaal om dit nader toe te lig, dog dit is nie nodig nie, want ons het hier met 'n waarheid te doen, wat vandag vrywel vanself spreek. Ons laat dit dus daar, ofskoon ons algaande by sekere fasette van die diensmotief sal moet terugkom. Laat ons eers op 'n paar ander belangrike punte let.

Die universiteite het tans, veral ten gevolge van die proses van demokratisering, 'n spieëlbeeld van die maatskappy geword. Nêrens sien 'n mens dit beter geïllustreer as in ons eie land nie. In ons rassesamestelling het ons die blankes, wat hoofsaaklik uit die Afrikaanssprekende en die Engelssprekende gemeenskappe bestaan, en die nie-blankes, wat uit die Kleurling- en die Indiërgemeenskappe en dan ook die verskillende Bantoe-gemeenskappe saamgestel is. Gaan ons na ons universiteitsinrigtings, vind



ons inrigtings wat, hetsy deur geskiedkundige verloop of wetgewing, in die eerste instansie die belange van die een of ander gemeenskap dien. Maar nie net dit nie, ons vind aan ons universiteitsinrigtings ook ruimskoots verteenwoordig die verskeidenheid van oortuigings en ideale van 'n heterogene maatskappy, en dit geld ideale op sowel geestelike as materiële gebied.

Dit hoef ons daarom nie te verbaas nie dat ons in ons universiteite ook verteenwoordig kry die skerpe verskille van mening, sowel op staatkundige as ander gebied, wat in ons maatskappy aangetref word. Dit hoef ons selfs nie te verbaas nie dat ons aan sommige van ons universiteite, soos ons in die jongste tyd in die koerante gesien het, ook linksgesindes gekry het. In ons maatskappy is daar immers linksgesindes, en omdat die universiteite 'n afkaatsing van ons maatskappy is, volg dit dat linksgesindes ook in universiteite kan voorkom.

Hiermee konstateer ons slegs 'n feit; maar konstatering van 'n feit beteken natuurlik nog geensins dat ons daardie feit goedvind nie. Ons wil maar net sê dat as daar aan 'n universiteit 'n linksgesinde gevind word, dan hoef daardie universiteit as sodanig nog nie sonder meer van linksgesindheid beskuldig te word nie. As iets of iemand beskuldig moet word, dan moet dit veeleer die maatskappy wees, wat sy linksgesindes het en hulle toelaat om hulle weg na die universiteite te vind. Of 'n universiteit self enige blaam moet dra, sal daarvan afhang of hy, indien hy geweet het dat hy linksgesindes of onwettige elemente huisves, wel opgetree het. As so 'n universiteit dit nie gedoen het nie, sal hy hom aan pligsversuim skuldig gemaak het.

Die vryheid van denke, wat aan die universiteite bestaan en waarop ons almal so gesteld is, mag nie misbruik word deur daarin regverdiging vir oortreding van landswette te soek nie. Dit moet eerder die les tuisbring dat die ware vryheid in die eerbiediging van die wet geleë is. Die verontagsaming van die wet sal in werklikheid geen vryheid bring nie, maar wel vir bandeloosheid en anargie die weg baan. Dit is 'n waarheid wat in hoë mate vir die universiteite van belang is, want hier is jongmense saamgetrek wat in die ontvanklikste tyd van hulle lewe is en later op verskeie terreine in ons land die leiers gaan word. Dit is daarom dringend noodsaaklik dat ons studerende jeug 'n suiwere begrip sal hê van wat die vryheid van denke van die universiteit presies beteken.

*Prof. A. B. van der Merwe, Besoekende Professor van die Dameskoshuise, gesels met 'n groepie eerstejaarstudente in Harmonie.*

Maar ons moet 'n stap verder gaan: dit is nie net só dat ons universiteite 'n spieëlbeeld van ons maatskappy is nie; dit is ook só dat elke universiteit 'n spieëlbeeld is van die besondere gemeenskap wat binne die maatskappy deur hom gedien word. Afrikaanssprekende en Engelssprekende gemeenskappe is nie identies nie wat betref hulle sosiale gewoontes, hulle opvoedkundige vereistes, hulle godsdienstige opvattinge en hulle staatkundige beskouinge. Die taalgrens is natuurlik nie absoluut nie: daar is baie gevalle waar ooreenstemming wel oor die taalgrens voorkom, en ook baie gevalle waar verskille binne die taalgrens gevind word. Maar in die algemeen is dit wel waar dat daar op die genoemde gebiede teenstellinge tussen die twee taalgroepe bestaan. Hieruit volg dat daar ook tussen Afrikaanssprekende en Engelssprekende universiteite, wat deur hulle onderskeie gemeenskappe gevoed word, verskille in opvatting en karakter sal voorkom.

Die Universiteit van Stellenbosch het sy ontstaan daaraan te danke dat die behoefte gevoel is om meer bepaald vir die Afrikaanssprekende jeug fasiliteite vir hoër onderwys te skep. As dit nie hiervoor was nie, sou die Universiteit van Stellenbosch nie bestaan het nie. In die teken van hierdie behoefte het Stellenbosch sy taak in die verlede verrig, en verrig hy dit vandag nog. Dit beteken natuurlik nie dat anderstalige blankes nie ook op Stellenbosch welkom is nie; inteendeel, as hulle ons taalmedium aanvaar, as hulle hulle in ons midde tuis voel, en as hulle studieprestasies voldoende is om hulle met welslae toelating tot die Universiteit te laat verkry, is hulle hartlik welkom. Die Universiteit sal dan ook nooit teen anderstalige blankes wat aan hierdie vereistes voldoen, diskrimineer nie, en hy sal ál sy fasiliteite vryelik tot hul beskikking stel.

Maar Stellenbosch se karakter word in die eerste instansie deur die Afrikaanssprekende gemeenskap bepaal. Soos die Afrikaanssprekende gemeenskap is hy behoudend van aard; soos die Afrikaanssprekende gemeenskap dra hy 'n godsdienstige karakter; en soos die Afrikaanssprekende gemeenskap het hy 'n baie besliste Suid-Afrikaanse vaderlandsliefde. Mense wat vir hierdie groot dinge minagting toon, sal op Stellenbosch nie tuis voel nie. Ooreenkomstig sy karakter hou Stellenbosch sy oog dan eers en veral op die behoeftes van Afrikaanssprekendes gerig. Fakulteite van Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde, Landbou en Regte het reeds vroeg aan die Universiteit


bestaan, maar namate dit geblyk het dat daar ook in ander rigtinge vir Afrikaanssprekendes voorsiening gemaak moes word, is ook ander fakulteite gestig.

Stellenbosch was die eerste Afrikaanssprekende universiteit wat 'n afsonderlike Departement van Handelswetenskappe gestig het. Dit was 'n klein begin, maar daaruit het met verloop van tyd ons groot Fakulteit van Handel ontwikkel, wat reeds enorm veel gedoen het om die Afrikaner by te staan in sy pogings om sy agterstand op sakegebied in te haal. Daarna het ander belangrike fakulteite gevolg: Ingenieurswese, Geneeskunde, Bosbou en Krygskunde. En ons is tans besig met die stigtingswerk van wat binne afsienbare tyd ons twaalfde en jongste fakulteit sal wees, nl. 'n Fakulteit van Tandheelkunde.

'n Mens moet hier natuurlik nie net aan nuwe fakulteite as sodanig dink nie, maar ook aan nuwe departemente wat onder bestaande fakulteite ressorteer, want ook hierdeur word nuwe fasiliteite vir onderrig en navorsing geskep. Die opening van die akademiese jaar 1965 val juis saam met die stigting van 'n hele aantal nuwe departemente aan die Universiteit.

Ons begin vanjaar met 'n volwaardige Departement van Skaapteelt en Wolkunde, wat vir Wes-Kaapland — en inderdaad vir ons land as geheel — ongetwyfeld nog van die allergrootste waarde sal word. Ons waardeer dit dat die instelling van hierdie Departement deur die Departement van Landbou-tegniese Dienste goedgekeur is en wil insonderheid aan die Sekretaris van Landbou-tegniese Dienste dank betuig vir die hulp wat hy in verband hiermee verleen het. Die Universiteit open ook 'n selfstandige Departement van Afrika-studie, wat die opvolger is van die vroeëre na-graadse kursus in dieselfde rigting, en wat studente die geleentheid sal gee om Afrika-studie nou as volwaardige vak vir die eerste, tweede en derde jaar van die B.A.-graadkursus, en ook vir die B.A.-honneursgraad en die M.A.-graad, te volg. Verder word 'n spesiale B.Sc.-graad in Landbou ingevoer, wat studente vir die onderwys sal voorberei, terwyl ook vir die eerste keer vir 'n B.-graad in Administrasie (B.Admin.) voorsiening gemaak word. Owerigens begin ons vanjaar met 'n Departement van Bybelkunde, wat beteken dat Bybelkunde nou as 'n gewone vak vir die B.A.-graad gevolg kan word.

Ek maak hier ook graag melding van iets wat seker nog een van die vernaamste toevoeginge tot ons universiteitsterrein in die jongste tyd sal blyk. Ons Universiteit was die eerste universiteit in ons land om 'n volwaardige Departement van Drama, onder 'n eie Professor as hoof, in die lewe te roep. Ons was ons egter nog steeds bewus van die behoefte aan 'n geskikte Universi-



*Argitekstekening van die nuwe gebou vir Lettere en Wysbegeerte, wat verrys het op die perseel van die ou Registrateurswoning en Macdonaldhuis.*

teitsteater, wat 'n uitstekende hulpmiddel vir ons Departement van Drama sal wees, en tegelykertyd 'n betekenisvolle kultuurmiddelpunt vir Wes-Kaapland sal word. Ek is bly om te kan sê dat die bouplanne vir 'n waardige, goed toegeruste Universiteitsteater reeds grotendeels voltooi is, en dat ons hoop om die teater vir ons Eeufeesverrigtinge in September volgende jaar gereed te hê. Hou 'n mens die stigting van al hierdie nuwe fakulteite en departemente in gedagte, dan kom jy tot die gevolgtrekking dat die Afrikaanse jeug nie kan kla dat Stellenbosch in gebreke gebly het om fasiliteite vir opleiding in 'n verskeidenheid van rigtinge te voorsien nie.

## STELLENBOSCH GEE LEIDING

Die universiteite en hulle mense, wat die spieëlbeeld van die maatskappy en van besondere gemeenskappe is, en in die behoeftes van maatskappy en gemeenskap moet voorsien, het egter ook die taak om leiding aan te gee. Dit gaan hier nie om leiding in die algemeen nie, maar om leiding in verband met die terreine wat binne die besondere gebied van studie en navorsing van die universiteit en sy mense val. Hulle gee leiding aan die gemeenskap waardeur hulle in die eerste instansie gevoed word, en ook leiding aan die hele land.

Ek het die kwalifikasie gestel dat dit handel oor terreine wat die besondere gebied van studie en navorsing van die universiteit en sy mense uitmaak. Immers, dit sou die universiteitsman nie betaam om as deskundige te wil optree in verband met bv. vraagstukke van die alledaagse politiek nie, net so min as wat dit die politikus sou betaam om die hoogste woord te wil spreek in verband met bv. paleografie en mikrobiologie, of Aramees en Hellenistiese Grieks!

Hierin is daar egter vir die universiteite, ook vir Stellenbosch self, soms 'n dilemma geleë: universiteite moet op sekere gebiede leiding gee, en dis ook hulle plig om dit te doen, maar deur studie en navorsing kom hulle soms tot gevolgtrekkinge wat miskien nie strook met opvattinge waaraan 'n bepaalde gemeenskap, of selfs die hele maatskappy, al lank geheg is nie. Dit beteken dat die universiteit of die een of ander van sy mense, in die leiding wat hy gee, met gevestigde opvattinge kan bots, en dat hy hom selfs die gramskap van maatskappy of gemeenskap op die hals kan haal. By studierigtinge wat ver van ons alledaagse lewe verwyderd lê, is die gevaar natuurlik nie so groot nie, maar by studierigtinge wat naby ons alledaagse lewe lê, soos

bv. Maatskaplike Werk, Bantoe-administrasie, Handelswetenskappe en Regte, is die gevaar veel groter.

Oor hierdie dilemma as sodanig hoef ons ons nie te bekommer nie. Dit is die dilemma van enige universiteit wat die naam van universiteit werklik waardig is; en universiteite moet bereid wees om dit, ten gevolge van die feit dat hulle *universiteite* is, onder die oë te sien. Dit kom egter daarop aan — en hierop moet ons klem lê — dat universiteite, en by name weer Stellenbosch, dit in die regte gees benader. Die universiteit moet besef dat hy in 'n bepaalde maatskappy optree, en dat hy in hoofsaak deur 'n bepaalde gemeenskap gerugsteun word. Dit moet hom met sy maatskappy en sy gemeenskap erns wees, en sy maatskappy en sy gemeenskap moet dit ook só verstaan en waardeer. Die universiteit moet die vertroue van sy maatskappy en gemeenskap wen, iets wat in die reël deur 'n lang geskiedenis en ou tradisie moontlik gemaak word. As dit die geval is, sal die maatskappy, en ook 'n bepaalde gemeenskap, nie so haastig wees om 'n universiteit of 'n universiteitsprofessor vanweë nuwe bevindinge te veroordeel nie. As sulke bevindinge op die regte wyse aangebied word, sal die maatskappy of gemeenskap waarskynlik eerder bereid wees om te luister en hom te laat lei.

Ons sê: as bevindinge op die regte wyse aangebied word. Ook dit is van groot belang. Die resultate van ernstige studie en navorsing is vir die rype universiteitsgees nie iets wat hy aan die groot klok hang nie. Dit is vir hom veel meer iets vir 'n ernstige, aparte publikasie of vir die erkende, ernstige vaktydskrif as vir bv. die daaglikse pers. In die vaktydskrif verskyn hy voor sy ervare vak- en geesgenote, terwyl hy in die daaglikse pers uit die aard van die saak veel meer aan emosionele vertolkings, en dus ook misvattings, van die massa blootgestel is. Wil die daaglikse pers nuwe bevindings verder voortdra, en die betekenis daarvan nader tuisbring, dan word dit natuurlik verwelkom, dog die vaktydskrif — of ook 'n aparte publikasie — sal altyd die aangewese publikasie-medium vir ernstige wetenskaplike werk bly.

Wat die genoemde dilemma van universiteite betref, dink ek onwillekeurig aan wat wyle ons Eerste Minister, mnr. J. G. Strijdom, by geleentheid gesê het. 'n Paar van ons professore het hom gaan spreek, omdat ons bekommerd geraak het oor die moontlikheid dat sekere gevolgtrekkinge, waartoe universiteitswerkers deur eerlike studie gekom het, verkeerd vertolk kon word en onnodige verdeeldheid en stryd kon veroorsaak. In die loop van 'n lang gesprek het mnr. Strijdom hom die woord laat ontval: „Julle is universiteitsmense. Dit is julle taak om leiding te gee. Moenie bevrees wees as julle soms voor die volk

uit is nie. Julle is eerlik en opreg, en solank dit die geval is, sal ons mense julle nie kwalik neem nie."

## VOLKSGEBONDENHEID

Om die vertroue van die maatskappy en van besondere gemeenskappe te behou, is dit noodsaaklik dat universiteite volksgebonde sal wees, en sal bly. Dit geld van ons eie universiteite, en inderdaad van alle universiteite dwarsdeur die wêreld. As 'n mens na die buitewêreld kyk, sal jy waarskynlik min universiteite kry wat so volksgebonde is soos dié van Engeland en Amerika. Ons wil glad nie sê dat die universiteite aan 'n soort van diktatorskap van die volk onderworpe moet wees nie, en dat ons bv. Stellenbosch wil bind en beperk net tot wat die Afrikaanse volk verlang en goedkeur nie. As dit só was, sou dit beteken dat ons die vryheid van die universiteit ernstig aan bande lê, en dat ons die Skolastiek van die Middeleeue met 'n volkstotalitarisme van die twintigste eeu wil vervang!

Al wat ons met *volksgebondenheid* wil sê, is dat universiteite hulle daarvan bewus sal wees dat hulle in die midde van die volk, of die maatskappy as geheel, optree en dat hulle belange onlosmaaklik met dié van die volk verknoop is. As hulle dit besef, sal hulle niks doen of gedoog waardeur die belange van die groot geheel bewustelik benadeel word nie. Hulle sal vryheid van studie, onderrig en navorsing hoogskat, maar in alles wat hulle doen, sal hulle optree soos dit vir burgers van hulle eie land en lede van hulle eie volk betaamlik is. Dit moet 'n gesindheid wees wat nie van buite af opgelê of opgedwing word nie, maar 'n gesindheid wat vanselfsprekend is, en as vanselfsprekend uitgeleef word.

Soos te verstaan is, is dit in Suid-Afrika nie so maklik of vanselfsprekend nie soos bv. in die ou lande van Wes-Europa, wat gevestigde, homogene bevolkings en 'n eeue-oue universiteitstradisie het, of ook in die Verenigde State van Amerika, wat, ofskoon dit 'n jong land is, by alle groot seksies van die bevolking 'n vurige vaderlandsliefde toon en in elk geval ook 'n ou universiteitstradisie besit. In Suid-Afrika is ons jonk, en verkeer ons nog in werklikheid in die proses van staats- en volkswording. Hier het ons bowendien te doen met groot vraagstukke, wat gevoelens soms hoog laat loop en ons soms selfs kwaai uitmekaar dryf. Dit mag vir ons egter geen verskoning vir 'n gebrek aan volksgebondenheid by universiteite wees nie; inteendeel, dit moet vir ons eerder tot aansporing dien om volksge-



bondenheid by ons universiteite te versterk, wat op die duur tot voordeel van ons almal sal strek.

Ons weet dat universiteite vroeër dikwels gefouteer het deur net aan die intellektuele ontwikkeling van studente te dink en van karakterbou te vergeet. 'n Aantal jare gelede het ek by 'n openingsplegtigheid van die Universiteit alhier gesê dat die Universiteit van Stellenbosch die taak het om, naas sy wetenskaplike onderrig, ook gesonde karaktervorming soveel doenlik na te streef. Sekere indiwidue het hierdie standpunt skerp gekritiseer, en minstens twee tydskrifte het ook daarteen opgetrek. Die universiteit sou nl. met karakterbou vrede hê, so het die kritici beweer, want die universiteit sou 'n geleerde inrigting wees, wat slegs die ontwikkeling van die verstand op die oog het. Wat ons egter ondertussen hier in ons eie land en elders gesien en gehoor het, het ons meer as ooit oortuig dat karakterbou ook 'n vername taak van die universiteit moet wees.

Dit het my opgeval dat in die bekende verslag van die Robbins-kommissie oor die Britse universiteitswese hierdie punt ook prominensie geniet. Die Robbins-verslag, wat sowat anderhalf jaar gelede verskyn het, verteenwoordig 'n uitvoerige, diepgaande ondersoek na vrywel alle belangrike aspekte van die universiteitswese in Groot-Brittanje. Dit is sonder twyfel een van die betekenisvolste studies wat in baie jare oor die Britse universiteite verskyn het. Sprekende oor die tipe van vakke wat aan universiteite gedoseer word, sê lord Robbins o.a.: „we must postulate that what is taught should be taught in such a way as to promote the general powers of the mind. The aim should be to produce not mere specialists but rather cultivated men and women".

Sir Walter Moberly, wat reeds voorheen in ander verband aangehaal is, het in sy *Crisis in the University* dieselfde punt gestel. Hy verwys o.a. na 'n mededeling wat hy gehoor het van 'n hooggeplaaste amptenaar, wie se taak dit was om jong manne vir die Britse staatsdiens te werf. „I can get any number of men with 'First Classes' ", so het hierdie amptenaar verklaar, „but what I want and find it hard to get, is 'round' men". As ons ware volksgebondenheid by ons universiteite wil hê, sal ons seer seker nie net aan die verstand dink nie, maar ook aan die hart en die karakter.

Vir hierdie feit was Stellenbosch nie blind nie. Ons koshuise en intensiewe studentelewe bied ruime geleenthede vir

*'n Seksie-raadgewer spreek sy groep eerstejaarstudente toe in Dagbreek.*

karaktervorming, maar hierby het ook die Universiteitsbeleid van die nuwere tyd van belang geword. Meer as tien jaar gelede het ons ons nuwe eerstejaarstelsel ingevoer, waarvolgens sekere koshuise vir eerstejaarstudente afgesonder is, en terselfdertyd, deur middel van 'n ruime aantal studenteraadgewers, intensiewe leiding en voorligting aan eerstejaarstudente gegee is. Hierdeur is nie slegs 'n beter aanpassing van eerstejaars by die universiteitslewe verkry nie, maar is vir eerstejaarstudente ook 'n beter grondslag vir hulle verdere studie gelê.

Daarby het die Universiteitsraad inwonende hoofde in koshuise aangestel, en is daar, onder die Departement van Sielkunde, voorsiening gemaak vir 'n Buro vir Studentevoorligting, wat vir alle studente — sowel eerstejaars as ander — oopstaan. Die resultate van dit alles was so bemoedigend dat die Universiteitsraad ondertussen, en veral vanjaar, die eerstejaarstelsel na verskeie koshuise uitgebrei het, en vanjaar ook 'n nuwe, groter Buro vir Studentevoorligting, met sy eie, onafhanklike personeel, tot stand gebring het.

Sulke stappe eis natuurlik baie fondse, en 'n mens kan 'n indruk hiervan kry as jy daaraan dink dat één item alleen, nl. die salarisse vir werkers van die Buro van Studentevoorligting, jaarliks 'n bedrag van ongeveer R14,000 sal vereis. Vir die Universiteit is dit 'n aansienlike las om te dra, veral nog as 'n mens onthou dat die Universiteit geen subsidie van die Regering hiervoor kry nie. Maar die Universiteit doen moeite om die fondse te vind; en hy is dankbaar dat hy tot nou toe daarin geslaag het. Want die aankweking van die regte gesindheid by ons studerende jeug, en die versterking van hulle karakter vir die diens van Suid-Afrika, is een van die rykste geestelike beleggingsvelde vir ons land. Vir enige universiteit, wat werklik volksgebonde wil wees, is dit noodsaaklik dat hy nie net intellektuele ontwikkeling as doelwit sal stel nie, maar ook karaktervorming.

## VERTROUE IN DIE UNIVERSITEIT

Voortvloeiende uit die voorgaande kan ons vra: Hoe kan ons weet of 'n universiteit werklik in die diens van sy maatskappy en gemeenskap staan en of hy werklik volksgebonde is? Die beeld wat daar van 'n universiteit by die publiek bestaan, kan 'n aanduiding wees. Hoe sien die publiek 'n bepaalde universiteit? Sien hy daardie universiteit as 'n krag wat in sy eie midde werk en floreer? of as iets wat opsy staan en ongenaakbaar is?

Sien die publiek die universiteit as sy eiendom? of laat dit hom koud? Uit die antwoorde wat op hierdie vrae gegee word, sal dit alreeds tot 'n groot mate blyk in hoeverre daardie universiteit op volksgebondenheid aanspraak kan maak.

Maar daar is ander, en belangriker, maatstawwe. Kom die studente van 'n universiteit in hoofsaak uit die midde van die volk? Huldig hulle oor die algemeen die groot lewensbeginsels van die volk? Bied die studentegemeenskap sowel fisies as geestelik 'n beeld van die volk? En dan is daar ook die oud-studente. Staan die oud-studente van 'n universiteit werklik in die diens van die volk? Vind ons hulle op die voorpunt bv. in die staatsdiens, die onderwys, die kerk, die regsprofessie, die landbou, die sake-onderneminge, die industriële lewe en die staatkundige lewe? Hierdie vrae moet elke universiteit vir homself beantwoord. Wat Stellenbosch betref, vervul dit ons met nederige dankbaarheid dat ons, ten spyte van swakhede wat ons mag hê, besliste positiewe antwoorde op hierdie vrae kan gee.

Vir 'n universiteit kom daar soms toetse, wanneer die maatskappy hom oor die universiteit en sy werk uitspreek. Dit is dan dat die maatskappy aan daardie universiteit toon of die universiteit nog volksgebonde is, en of die maatskappy vertroue in sy werk het. So 'n toets het daar in die jongste paar jaar vir Stellenbosch gekom, en ons het ons ook self die toets op die hals gehaal.

Die Universiteit het gevind dat hy, in die jare wat vir hom voorlê, nie oor die nodige fondse sou beskik om sy opvoedingstaak te verrig soos hy dit graag wil doen nie. Die studentetal het geweldig aangegroei; alles het duur geword; en die Universiteit het hom voor die posisie bevind dat sy vooruitgang tot stilstand gebring sou word as hy nie 'n baie sterk fonds in die lewe roep nie. Gedagtig daaraan dat ons in 1966 'n honderd jaar van hoër onderwys op Stellenbosch sal beleef, het die Universiteitsraad besluit om 'n Eeufeesfonds te skep: die reusebedrag van R4,000,000 moes byeengebring word vóór September 1966, wanneer ons ons Eeufees vier.

Laat ek dadelik, namens die Universiteit, my hartlike dank teenoor die maatskappy betuig vir die klinkende uitspraak wat hy gegee het. In die vier jaar wat ons met die insamelingsveldtog besig is, het ons oral in ons land groot begrip en waardering van die werk van Stellenbosch gevind. Die pragtige, besielende gevolg was dat ons nou, agtien maande vóór ons Eeufees, reeds R3,200,000 vir ons Eeufeesfonds ingesamel het. 'n Treffender uitspraak kan geen universiteit verlang nie. Dit is voorwaar geen kleinigheid vir 'n universiteit, wat self nie in 'n groot stad met enorme bronne van inkomste lê, om nogtans binne die kort

tydsbestek van 'n paar jaar so 'n groot bedrag in te samel nie. Dit kan vanselfsprekend slegs gebeur as die publiek vertroue in so 'n universiteit het.

Dit is belangwekkend om op 'n paar uitstaande punte in verband met die ingesamelde bedrag te let, en dit help ons ook om die resultaat in die juiste perspektief te sien. Die eerste is dat die Universiteit se eie dosente en ander amptenare nie agterweë gebly het nie, maar 'n sprekende voorbeeld gestel het: hulle het self vir nie minder nie as R83,000 ingestaan. Dan ook het Stellenbosch self, d.w.s. die dorp en distrik wat die Universiteit in eie midde huisves (met uitsluiting van die bydrae van die Universiteit se eie amptenare), tot nou toe meer as R160,000 bygedra. Dat hierdie groot saak vir Stellenbosch, d.w.s. Universiteit en dorp en distrik, baie na aan die hart lê, kan 'n mens dus nie betwyfel nie.

Soos met groot insamelings van hierdie aard gewoonlik die geval is, is ook hier die grootste gedeelte van die bedrag van sake-ondernemings afkomstig. Oud-studente en ander vriende van die Universiteit het belangrike werk gedoen om maatskappye te beïnvloed, maar dis opmerklik dat baie maatskappye spontaan na vore gekom het, en deur hulle bydraes getoon het dat hulle 'n aandeel in hierdie grootse poging wil hê. Die uitkoms was dat die bydraes van die maatskappye nou reeds meer as R2,000,000 beloop.

Maar — en hier het ons met een van die inspirerendste feite van die hele veldtog te doen — ook ons oud-studente en ander goedgesinde indiwidue, m.a.w. die mense wat die vernaamstes is om die beeld van die Universiteit na buitentoe uit te dra, het op besliste wyse na vore gekom. Afgesien van die bydraes wat met die hulp van oud-studente en ander indiwidue as lede van direksies van maatskappye verkry is, en afgesien van die bydraes wat hulle in hulle hoedanighede as lede of verteenwoordigers van maatskappye gegee het, het oud-studente en ander goedgesinde indiwidue in hulle persoonlike hoedanigheid, 'n bydrae van heelwat meer as R1,000,000 gemaak. Dit verteenwoordig byna 36% van die totale bedrag waarop die Eeufeesfonds tans staan. Aangesien oud-studente en ander indiwidue volgens vermoë bydra, wissel hulle bydraes begryplikerwyse soms baie sterk van geval tot geval. Ons het klein bydraes van 'n paar rand, afkomstig van mense wat swaar kry, maar nie buite wil bly nie; en ons het groot bydraes van duisende rand, selfs 'n paar van R50,000, afkomstig van oud-studente wat 'n groot saak ruim kan dien, en vreugde daarin vind om dit ook werklik te doen.

Ek het gesê dat die groottotaal tans op R3,200,000 staan.

Hierby is bemakings nie ingesluit nie. Daar is wel 'n hele paar groot bemakings, maar om verstaanbare redes wil ek nie nou daarop ingaan nie. Die Universiteit waardeer hierdie bemakings ten seerste, en hy weet dat die Eeufeesfonds met verloop van tyd daardeur baie opgestoot sal word, net soos reeds deur die donasies gebeur het.

Die belangrikste punt in verband met hierdie insameling is egter nie die somme, wat ingesamel word, as sodanig nie, maar wel dit wat vir ons daaruit spreek. Ons het die toets vir onsself gestel, die hele maatskappy het gereageer, en ons is dankbaar dat sowel donateurs as testateurs vir ons so duidelik getoon het dat hulle waardering vir Stellenbosch het.

## SLOT

Laat ons nou afsluit. Ons het daarop gelet dat die universiteite oorspronklik die tuistes van die Skolastiek was en daarop bereken was om die dogma van die destydse Kerk te onderskraag, maar dat die universiteite met verloop van tyd nader en nader na die volk gekom het, totdat hulle eindelik in die midde van die volk optree en deur die volk as sy eiendom aanvaar word. Ons het ook gesien dat die universiteite 'n spieëlbeeld van die maatskappy of van 'n besondere gemeenskap in die maatskappy is, en dat die universiteite geroepe is om diens te lewer, om leiding te gee en om volksgebonde te bly. In verband met hierdie groot dinge het ons dan met dankbaarheid gelet op die posisie wat Stellenbosch in ons maatskappy ingeneem het, en vandag ook nog inneem.

Ek het hierdie geleentheid gebruik om dank te betuig aan sekere persone en instansies wat die Universiteit op velerlei gebied bygestaan het. Ek wil die geleentheid by name ook gebruik om hartlike waardering uit te spreek teenoor die Universiteitsraad en die Senaat, en teenoor die hele Universiteitspersoneel, vir die onwankelbare steun wat ek steeds van hulle ondervind. Dit is immers in hoë mate aan Raad en Senaat en dosente te danke dat Stellenbosch 'n bepaalde koers bly volg het.

Ek is ook hartlike dank aan die Studenteraad en die studentegemeenskap verskuldig vir die lojale samewerking wat ek van hulle ontvang. Dit wil nie sê dat ons altyd in alles saamstem nie; ons verskil soms wel ook van mekaar. Maar dit maak nie saak nie: ons verstaan mekaar goed, en ons laat ons voortdurend lei deur die oorheersende besef dat ons Stellenbosch dien, en deur Stellenbosch die hele Suid-Afrika.

In 1966 sal ons ons Eeufees vier. By dié geleentheid sal veel gesê en gedoen word om terug te kyk oor 'n honderd jaar van hoër onderwys op Stellenbosch. Ons sal stof tot dankbaarheid hê. Mag die mooi dinge waarvan ons kennis neem, nou en in die toekoms, ons nie in 'n gees van selftevredenheid laat verval nie. Mag dit ons eerder aanspoor om, deur eerlike toewyding en inspanning, iets te bereik wat nog groter en skoner in die toekoms vir ons wink.

# INLEIDINGSARTIKEL UIT „DIE BURGER", 27 FEBRUARIE 1965*

## AKADEMIESE VRYHEID

By die begin van die nuwe akademiese jaar het die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch vandeesweek enkele gedagtes uitgespreek wat aandag verdien ver buite die kring van sy onmiddellike toehoorders.

Soos so dikwels die geval is met 'n koerantverslag van 'n uitvoerige redevoering, kon daaruit slegs enkele punte uitgesonder en uitdruklik gepubliseer word. Dat dié punte sydelings betrekking sou hê op sekere gebeurtenisse van die jongste verlede was — uit die aard van 'n koerant se taak om hom op die nuwe en die nuuswaardige toe te spits — seker min of meer onvermydelik.

Maar selfs dié woorde, gesien in die verband van die redevoering as geheel, was van 'n aard dat meer mense as sy hoofsaaklik studentegehoor dit in die ore kan knoop: „Die vryheid van denke, wat aan die universiteite bestaan en waarop ons almal so gesteld is, mag nie misbruik word deur daarin regverdiging vir oortreding van landswette te soek nie. Dit moet eerder die les tuisbring dat die ware vryheid in die eerbiediging van die wet geleë is. Die veronagsaming van die wet sal in werklikheid geen vryheid bring nie, maar wel vir bandeloosheid en anargie die weg baan."

Dié gedagtes, hoe boeiend en aktueel ook, was egter nie die hoofgedagte van dié redevoering nie, wat eerder gegaan het oor die besondere plek wat die universiteit in ons tyd in die lewe van 'n gemeenskap het.

Teenoor die historiese situasies, waarin die universiteit eers in monastieke afsondering sy werk verrig het en later min of meer die monopolie van enkele ongenaakbare intellektueel meerderwaardiges was, 'n sg. geestelike elite, het die Rektor van die Universiteit van Stellenbosch die standpunt gestel dat die universiteit 'n spieëlbeeld van die maatskappy geword het en selfs in besondere sin 'n spieëlbeeld van dié gemeenskap wat binne die maatskappy deur hom gedien word.

Die besondere aard van sy inrigting het hy met die volgende woorde opgesom: „Soos die Afrikaanssprekende gemeenskap is hy behoudend van aard; soos die Afrikaanssprekende gemeenskap dra hy 'n godsdienstige karakter; en soos die Afrikaans-

* *Van die Hoofredakteur van „Die Burger" is toestemming verkry om mee te deel dat hierdie inleidingsartikel geskryf is deur professor W. E. G. Louw.*

sprekende gemeenskap het hy 'n baie besliste Suid-Afrikaanse vaderlandsliefde. Mense wat vir hierdie groot dinge minagting toon, sal op Stellenbosch nie tuis voel nie."

*Ondubbelsinnig*

Dit is belangrik dat dié standpunt weer eens duidelik en ondubbelsinnig gestel is. Wie meen dat so 'n instelling onverenigbaar is met die gedagte van akademiese vryheid, hou nie voldoende met die werklikheid van ons tyd, of self met die betekenis van daardie vryheid rekening nie. Want 'n universiteit wat homself die reg toeëien om hom, geheel onafhanklik van die maatskappy waarin hy staan, die gemeenskap wat hom onderhou en wat hy op sy beurt geroepe is om te dien, toe te lê op, soos dit heet, die „nastrewe van die waarheid", is, sonder dat hy dit altyd helder besef, nie so vry as wat hy meen nie.

By begin van die nuwe akademiese jaar op Stellenbosch ses jaar gelede het die Eerste Minister in 'n terloopse opmerking juis op dié sy van die saak gewys.

„Wanneer so ligtelik gepraat word oor die ,vryheid van die universiteit' wat onbeperk moet wees," het hy gesê, „dan word nie genoeg daaraan gedink nie dat die universiteitsvoorregte ook altyd universiteitspligte oplê en dat enige plig inperkend is. Veral perk dit die soort vryheid in wat tot losbandigheid sou neig. Enige strewe by 'n universiteit na 'n vryheid groter as sy plig, en vernaamlik sy volksplig sodat hy sy volksgebondenheid wil verloën, in die naam van akademiese vryheid ontstaan gewoonlik uit internasionale strominge wat by groot nasies begin en hul belange of ideologieë moet dien. Dis nie vryheid nie, maar 'n vreemde slawerny wat die geleerdes van 'n klein volk probeer wegspeen van sy volk na onderworpenheid aan wat skynbaar universeel is. Daardeur word so 'n universiteit eintlik totaal fondamentloos en juis nie vry of selfstandig nie. Vryheid van die dwingelandy van ander volke se eise en beskouinge is die Vryheid wat 'n universiteit vir hom moet en mag opeis."

Wie bekend is met die geskiedenis, kultureel, ekonomies en politiek, van Suid-Afrika oor die laaste honderd jaar of wat, en sekerlik sedert die ontstaan van inrigtinge vir hoër onderwys in Suid-Afrika, almal gegrond op die abstrakte begrip van die „vryheid van die universiteit", kan nie anders as toegee dat die woorde waar is nie. Wat 'n stryd het dit nie gekos, watter inspanninge en redenasies, om die kern van ons Suid-Afrikaanse nasionalisme te pel uit die taai omhulsel van die Britse imperialisme nie! Wat 'n stryd om onsself te wees in die aangesig van die verlok-

kinge van alles wat, in teorie altans, so „breed", so „menslik", so „vry" aan ons voorgestel is!

*Moet Leiding Gee*

Maar dat dit ook waar is dat selfs 'n volksgebonde universiteit, in sy strewe na die waarheid en sy uitbreiding van die menslike kennis, die plig het om op sekere gebiede leiding te gee, selfs wanneer sy geleerdes tot gevolgtrekkinge kom wat nie altyd strook met die opvattinge van 'n besondere gemeenskap, of selfs van die hele maatskappy, ook dié punt is nou die dag op Stellenbosch beklemtoon.

„Dit," het die Rektor gesê, „is die dilemma van enige universiteit wat die naam van universiteit werklik waardig is; en universiteite moet bereid wees om dit, ten gevolge van die feit dat hulle universiteite is, onder die oë te sien." Die uitweg wat in sulke gevalle aan die hand gedoen is, nl. publikasie in die vaktydskrif eerder as in die dagblad, die wetenskaplike benadering eerder as dié wat dit aan die groot klok probeer hang, is so duidelik, dat dit eintlik nie verder bespreek hoef te word nie.

Trouens, is by dié geleentheid bygevoeg, toe 'n vorige Eerste Minister 'n keer oor dié saak genader is, het hy hom in die loop van 'n lang gesprek die volgende woorde laat ontval: „Julle is universiteitsmense. Dit is julle taak om leiding te gee. Moenie bevrees wees as julle soms voor die volk uit is nie. Julle is eerlik en opreg, en solank dit die geval is, sal ons mense julle dit nie kwalik neem nie."

En dit, meen ons, is in die grootse en gevaarlike tye waarin die Suid-Afrikaanse nasie tot selfstandige ontplooiing kom, nie slegs 'n gerusstellende versekering nie, maar ook die enigste verstandige.

Aan die ware vryheid van die gees word nie beperkinge opgelê wat, soos die wyse 18de-eeuer Montesquieu dit uitgedruk het, dié van die gevangenis is nie, maar eerder dié van 'n kamer. Immers 'n kamer is nie 'n kamer as dit geen mure het nie, en die vryheid is geen vryheid as dit geen grens het nie. Dit is 'n gebied, nie die ruim nie.

Binne dié kamer kan trouens gesoek word dié vryheid wat hy ook gedefinieer het as die vreedsaamheid van die gemoed wat ontstaan uit sy gevoel van sy eie veiligheid.

## INLEIDINGSARTIKEL UIT „DIE KERKBODE", 31 MAART 1965*

### UNIVERSITEIT EN CHRISTENDOM

In ons vorige uitgawe het ons enkele gedagtes weergegee uit die openingsrede van prof. H. B. Thom by die amptelike opening van die akademiese jaar op Stellenbosch. Hy het sake aangeroer wat vir die universiteit sowel as die kerk en die volk van wesenlike belang is. So het hy onder meer daarop gewys dat daar aan die universiteit geen absolute vryheid van denke kan wees nie; die universiteit moet in die beste sin van die woord volksgebonde wees; karakterbou moet 'n vername taak daarvan wees en die Christelike geloof, wat vir die Christen die hoogste goed in die lewe is, sal die ernstige aandag en studie van die universiteit vereis. Dat daar aan 'n universiteit linksgesindes en onwettige elemente mag wees, moenie te wyte wees aan die pligsversuim van die universiteit nie.

Dit is uitsprake met verreikende betekenis ten goede. Ons is veral bly oor die stelling dat die Christelike geloof die ernstige aandag en studie van die universiteit vereis. En as dit dan nog tereg as ons hoogste goed gewaardeer word, beteken dit dat ons hele denke en lewensbeskouing as 't ware onder arres geplaas word en aan die Christelike lewens- en wêreldbeskouing onderwerp word. Dan is ons inderdaad met gesonde karakterbou besig; dan sal onwettige elemente weerstaan en uitgesuiwer word; die beste belange van die volk sal gedien word en die ware vryheid van denke sal gekoester word.

Hierdie siening van die grondslag en taak van die universiteit stuit natuurlik op teenstand. Die agtergrond van dié teenstand is nie slegs te vind in die regmatige verset teen *kerklike* oorheersing van die beoefening van die wetenskap en die onderrig nie. Dit is ten diepste geleë in 'n miskenning van die gesag en wet van God vir die ganse lewe. Of waar God miskien nog wel bely word, is daar dikwels 'n gespletenheid in die wetenskaplike of dosent — 'n gespletenheid tussen sy godsdienstige geloof en sy wetenskap.

Laasgenoemde houding is vir die konsekwente Christen onhoudbaar. Die waarhede van die Christelike geloof kan nie bely word sonder dat dit 'n besliste uitwerking op ons hele denke en wetenskapsbeoefening, of ons siening van die grondslag en taak van 'n universiteit, het nie. Die waarheid is 'n eenheid en die Christen bely dat die geopenbaarde waarheid van God in die Bybel, in Christus en in die natuur as Gods handewerk, saam-

* *Hierdie inleidingsartikel is uit die pen van die Hoofredakteur van „Die Kerkbode", dr. A. P. Treurnicht.*

hang en nie teenstrydig is nie. Die beoefening van die wetenskap deur Christene mag dus nie los staan van hul Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie — dus ook nie van hul Christelike geloof nie.

Tereg sê Stanley Hopper in hierdie verband: „Godsdiens maak 'n geheelaanspraak. Godsdiens is immanent binne, en beslissend vir, elke daad van die mens; dit is die grondslag van die mens se siening van die wêreld" (The Crisis of Faith). Natuurlik is die godsdiensloosheid of godsdienstige dubbelslagtigheid ook beslissend vir iemand se siening van die wêreld. Maar waarop ons die aandag wil vestig, is dit: As die Christelike siening van die waarheid vir ons erns is en beslissend is vir ons geloofslewe sowel as vir ons wysbegeerte en wetenskapsbeoefening aan die universiteit, is dit ons plig om die konsekwensies daarvan deur te trek.

Dat daar praktiese probleme is, is duidelik. Hulle moenie onderskat word nie. Maar as ons ons op Christelike grondslag stel, is die eise onontwykbaar. Dan bly die waarheid van God nie by 'n blote belangstelling nie; die Bybelse leer is dan nie in 'n waterdigte fakulteit van Teologie toegemessel nie en 'n dosent het dan nie die vryheid om die Bybelse waarheid in sy vakonderrig, waar toepaslik, te veronagsaam of te ondermyn nie. Miskien bestaan ons grootste probleem nie daarin dat wetenskaplikes en ander geleerdes volslae ongelowiges sou wees nie, maar dáárin dat 'n sekere gespletenheid in hul godsdienstige geloof en wetenskapsbeoefening aan die lig tree — 'n huiwering om al die riglyne van die Bybel ook vir die wetenskaplike en sy wetenskap te ontdek en die konsekwensies daarvan deur te trek in die praktyk vir die vakonderrig en vir die hele universiteit.

Dit beteken nie dat die Bybel as 'n wetenskaplike handboek misbruik mag word nie, maar aan die ander kant ook nie dat ons godsdienstige geloof eers begin waar die wetenskap sy grens bereik het nie. Ons verhouding en verantwoordelikheid teenoor God is reeds by die aanvang van ons wetenskapsbeoefening aanwesig. En wat meer is, ons moet 'n ope oog hê vir *alles* wat kenbaar is — al die feite en beginsels wat die kosmos bied en vir die hele openbaring van God in Sy werke en Sy Woord, omdat alles hul oorsprong in God vind.

Die Christelike wetenskaplike of wysgeer en die teoloog worstel saam om die waarheid. Daarom mag „teologiese" waarhede nie van ander fakulteite aan die universiteit weerhou word nie. Die letterkundige, wysgeer of vakwetenskaplike wat die invloed van die kerk en die Teologie wil beperk uit vrees vir 'n stremmende uitwerking op hul vakgebied, skakel 'n deel van Gods waarheid uit wat juis op hul vakgebied nie gemis kan word nie.

Maar dan is dit ook net so waar dat die teoloog nie sy oë mag sluit vir waarhede wat die wysbegeerte en ander vakwetenskappe hom bied as deel van Gods groot waarheid nie. Uitgaande van 'n gemeenskaplike onderwerping aan God en Sy geopenbaarde waarheid, aldus prof. Stoker, moet teoloog en wetenskaplike mekaar as medearbeiders van God erken, met erkenning van mekaar se eiesoortige vakgebied, maar ook met openhartige wisselwerking en gesamentlike worsteling om die waarheid suiwer te ken.

Hierdie is gesigspunte wat na ons mening in prof. Thom se openingsrede opgesluit lê. Van 'n algehele vryheid van denke, ongeag die waarhede en eise van die Christelike geloof, kan daar dus, soos hy aangetoon het, geen sprake wees nie. Dit is ook duidelik dat omdat hierdie waarhede 'n eie ingroeiing en uitlewing in ons volk gevind het, die universiteit wat midde in die volkslewe staan en daaraan diensbaar wil wees, dié volkskarakter sal vertoon. Gehoorsaamheid aan die Christelike geloof sal ook nie 'n ander uitwerking kan hê as dat die universiteit 'n kragtige faktor in die vorming van die sedes en karakter van studente sal wees nie. En wat ondermynende en onwettige elemente betref — vir hulle sal daar geen beskerming of plek wees nie.

Ons universiteite en ander opleidingsinrigtings staan in die brandpunt. Soos op elke ander terrein van die lewe, eis, nie die kerk nie maar God, dat hulle wat so 'n invloedryke funksie vervul, diensbaar sal wees aan Hom en Sy koninkryk — 'n bolwerk teen die magte van ondermyning.

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk., Zeldastraat, Elsiesrivier.